**REEKS:** Oujaarsdiens 2022

“Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring.”
***Jesaja 43:18-19 (AFR83)***

**DRIE BELANGRIKE VRAE**

1. *Wat is die een ding wat jy die graagste wil hê?*

“Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel.”
***Psalm 27:4 (AFR83)***

2. *Wat is die een ding wat jy moet laat gaan?*

“Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.”
***Filippense 3:13-14 (AFR83)***

3. *Wat is die een belofte waaraan jy moet vashou?*

“Die dag wanneer ek na U roep om hulp, val my vyande terug. Dít weet ek: God is aan my kant. In God, wie se woord ek prys, in die Here, wie se woord ek prys, in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie. Wat kan 'n mens aan my doen?”
***Psalm 56:10-12 (AFR83)***

1. ***God voorsien in elke behoefte wat ons het.***

“En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.”
***Filippense 4:19 (AFR83)***

2. ***Ons word van ons sondes vergewe.***

"Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge
vergewe kragtens die ryke genade van God …"
***Efesiërs 1:7 (AFR83)***

"Maar as ons ons sondes bely - Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons
ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid."
***1 Johannes 1:9 (AFR83)***

3. ***Hy laat alles ten goede meewerk vir die wat Hom liefhet.***

"En ons weet dat God alles ten goede laat saamwerk vir hulle wat Hom liefhet,
hulle wat geroep is volgens sy doel vir hulle lewe."
***Romeine 8:28 (NLV)***

4. ***Hy sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.***

"Hou julle lewe vry van geldgierigheid; wees tevrede met wat julle het. God self het
gesê: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.""
***Hebreërs 13:5 (AFR83)***

5. **Hy gee krag aan dié wat moeg is en maak die kragteloses sterk.**

"Hy gee krag aan dié wat moeg is. Hy maak die kragteloses sterk. Selfs jongmense
raak uitgeput en afgemat. Baie jongmense struikel en val. Maar dié wat hulle hoop
op die Here stel, sal nuwe krag kry. Hulle vlieg hoog, soos arende. Hulle sal
hardloop en nie moeg word nie. Hulle sal loop en nooit vermoeid word nie.
***Jesaja 40:29 – 31 (NLV)***

6. **Hy vat jou aan die hand om jou op die regte pad te lei.**

"Die Here sê: "Ek sal jou onderrig en die pad wys waarop jy moet gaan.
Ek sal vir jou raad gee, my oog sal op jou wees.
***Psalm 32:8 (NLV)***